61 Mech Veterans Association

61 Meg Maandeliks

61 Meg Veterane Vereniging



March 2024



Hoof Artikel: Die 61 MVA PTSD/Trauma hulpstruktuur

In Hierdie Uitgawe In This Edition

Message from the Chairman	3
EXCO Aktiwiteite	4
Hoogtepunte in Maart 2024	6
Aanval op Omuthiya Basis	11
The 61MVA Buddy Fund	14
SA Irish Regiment	18
Kort Notas Oor Trauma	23
Die 61 MVA Se PTSD/Trauma Hulpstruktuur	32
Ons Bosoorlog Dokters	33
Wees Voorbereid	38
The South African National Defence Force at 30	43
In Memorium	45
Dewald Venter besoek die Pantser Museum	47



Message from the Chairman Johan Booysen

Dear 61 Mech friends

As we get closer to our Memorial service a lot of changes and arrangements are coming into effect.

New crosses have been made and labeled by Manus Myburgh for the commanding officers while the granite of the Omythea trees needs to be done-just to mention a few. This sounds like quick items being done but takes numerous phone calls and visits to the museum.

Rob Torrani managed to get two computers up and running after the theft of our memory sticks by visiting public. He is also spending a lot of his personal time currently in the development of the new Website. This is an enormous task that requires lots of his patience. The new Website will assist members in an easier route of online shopping as well as membership renewals. As all data and information needs to be transferred to the new Website it is a enormous task to rework and streamline everything. It has been launched and changes requested as we go along gets implemented and reworked. Thank you to Rob for his hard work and time spend on this task.

The 61 Rider tour to Angola is also being planned and will run in conjunction with a Savannah tour and the normal 61 Tour. Dates 17-28 June 2024.

Jaap Steyn is building another 10 "Postuum" Triangles for the familes of our deceased members.

Kevin West is putting his creative mind to work with some new clothing ideas being developed for the Voortrekker Monument show on 1 May as well as Gariep family weekend.

The next couple of months will be a challenging one for Exco with all the planning and execution of projects as mentioned above.

We thank every Exco member for all their time and efforts they voluntarily give to 61 Mech.

Mech Greetings


EXCO Aktiwiteite EXCO Activities

Met elke Gedenkdiens by Ditsong is die eerste kranse/kruise wat gelë word, die van die 11 Bevelvoerders van 61 Meg Bn Gp - vir die tyd wat hulle gedien het.

Ons het altyd daardie klein kruisies gebruik wat al redelik oud is. Ons het nou 11 nuwe groter kruise gemaak vir die bevelvoerders. Elkeen het dan sy naam en tydperk op die plaatjie. As die oud-Bevelvoerder by die Gedenkdiens is, plant hy dit self of ons nomineer iemand anders om dit namens hom te plaas.

Daar is ook 'n kruis vir die 61 MVA Voorsitter wat dit lê namens al die 61-veterane.





Projekte

Postuum Toekenning van 61 Geel Messies – Gedurende 2023 is daar 16 oorhandigings aan die familie van makkers wat gesterf het terwyl hulle aan 61 Mech Operasies deel geneem het, oorhandig. Die projek om die familie van die ander makkers wat gesterf het op te spoor, duur nog voort en die Veterane van 61 Mech sal nie ophou alvorens hulle nie elke lid se Geel Messie aan hulle familie oorhandig het nie. Indien u enige besonderhede het van waar ons die familielede of vriende van die makkers kan opspoor, moet dit onverwyld aangestuur word na Manus Myburgh by manus.myburgh@businessprint.co.za en/of per boodskap na sy nommer – 0824901653.

Angola Toer 2024 - Daar word weer 'n amptelike 61 Mech Slagveld toer na Angola beplan in die tydperk van 17 tot 28 Junie 2024. Die projekleier is weer eens Jaap Steyn. Die roete en program word tans vasgemaak en sal eersdaags deurgegee word. Die toer vind in twee dele plaas – die 'normale' toer met voertuie gaan soos in die verlede voort. Die tweede deel is 'n groep van die 61 Riders wat olv Johan Booysen beplan word. Hierdie twee geselskappe sal by Cuito ontmoet vir 'n gesamentlike seremonie. Tans is daar reeds 11 motorfietse met 2 ondersteunings voertuie wat gaan deel neem. Belangstellendes kan vir Jaap of Johan kontak. Hulle kan ook beide sien en die toer bespreek by vanjaar se Pro Patria Museum se Militêre Fees by die Voortrekker Monument op 1 Mei 2024. 61 Mech sal daar 'n stalletjie beman.

61 Mech Uitstalling by die Ditsong Museum vir Militere Geskiedenis – Daar word tans met die Museum se bestuur onderhandel om te sien hoe ons ons uitstal ruimte kan vergroot. Daar is ook vele items wat nog uitgestal moet word en daarvoor gaan 61 Mech nog ekstra kaste bou om in die doel te slaag. Video's en inligting sal ook deurlopend op 3 televisieskerms binne die 61 Mech ruimte gebeeldsaai word.

Gariep Naweek 3, 4 en 5 Mei 2024 – Die jaarlikse Nasionale Skouerskuur vir Veterane en hulle gesinne word weer vanjaar by die Gariep Dam gehou. Daar is nog chalets en kampeer plekke beskikbaar. Indien julle enige inligting oor die naweek benodig, kan julle direk met Jannie Nieuwoudt kontak maak by: cederwater.wam@gmail.com

*Pro Patria Museum Militêre Fees 1 Mei 2024 - V*anaf 09:00 tot 15:00 - Kom besoek die 61 Mech Veterane Vereniging se stalletjie by die Fees. Kaartjies is R50 per volwassene / Kinders (7 –18) R25. Daar gaan iets vir almal - Versamelaars, Uitstallers, "Live Music" in Biertuin, Kos stalletjies, Oorlogsverhale, Veterane Organisasies & iets vir die dames en kinders. Kom koop ook jou 61 Mech memorabilia – daar is baie nuwe items vir ons lede asook hulle familie!

HOOGTEPUNTE IN MAART 2024

Henk Delport

Bravo komp 1983/4 40jaar reűnie 1 Maart 2024 op my vriend se wildsplaas. Watter great Memories













9 March Skouerskuur Red Star. Wayne Riddell







16 Maart 2024

Jaco Calitz.

Ons het Januarie 88 ingeklaar by Genie op Bethlehem, Desember 88 -November 89 by 61 Meg. Ons was die groep wat alles terug getrek het na Upington en Walvisbaai, ook die groep wat die laaste verpligte twee jaar gedoen het.

Marius Prinsloo

35 Jaar later 61 Meg broers.



Legacy Conversations

A Channel Where we Preserve SA Security Forces Memories



9 Days War

1 April 1989

Detective Sgt Herman (Claassie) Claassen ZULU JULIET - KOEVOET

https://www.facebook.com/groups/1691879831285859



Huisgenoot 7 Maart 2024




"Mens kan op die stoep sit en kla en swets of jy kan of jy kan moue oprol en help om self iets aan die saak te doen. Ja. daar is baie uitdagings in die land - veral op die platteland. Maar dis ook hier waar allerdaagse helde inspring om 'n groot verskil in hul gemeenskappe te maak.

Kyk nou maar na die verhale wot onlangs gedeel is by die Landbouweekblad en die landbou maatskappy Senwes se kongres by Nampopark buite Bothaville.

Die samekoms van verskilmakers van reg oor die land was eenvoudjg getileld "Oplossings vir die platteland" en die meer as 70 sprekers het talle stories kom deel wat die vlam van hoop weer helder laat brand het. Want vir twee dae is daar nie oor probleme gepraat nie. maar eerder oor planne wat dinge regruk."

61 ners Johan Kooij en Diederick Reinecke in gesprek by die Nampopark kongres.



https://www.facebook.com/groups/1691879831285859

31 March 2024 Anthony Turton

On 31 March the 61 Riders supported a memorial ride by HAMC Durban to pay respect to one of their fallen. 61 Riders was given a place of honour riding in formation directly behind HAMC. The event culminated with a braai and a Skouerskuur at HAMC clubhouse in Amanzimtoti. A formal meeting was held to plan the 2024 Durban Poppy Run, which will again be led by HAMC but co hosted with 61 Riders. It is the intention to grow the Durban Poppy Run into an event that both HAMC and 61MVA can be proud of.







AANVAL OP OMUTHIYA BASIS

Omuthiya was die operasionele basis van 61 Meg Bn Gp. Dit was geleë sowat twintig kilometer noord van die Rooi Lyn (Owambo se suidelike grens) en byna teen die Etosha Wildtuin se oostelike grens. Dit was naby die teerpad vanaf Tsumeb na Ondangwa. Dus was die basis baie maklik om op te spoor. Geen vyand kon hierdie sowat 60 000 vierkante meter stuk misloop nie.

Dit alles inag genome, was Omuthiya nooit aangeval nie – direk of indirek (wegstaan bestokings). Ook was daar nie vyandelike myne gevind in die wye opleidings terrein nie. Een myn is getrap ver noord (60km) tydens die aanmars vir Sceptic?, maar dit was ver buite 61 Meg se terrein. Twee terroriste is in 1984 sowat 7 km vanaf die basis gevang in die Etosha gebied.

Tog was Omuthiya baie kwesbaar. Geen walle of sandsak wagposte nie. (1984 – 1988). In genoemde tyd het een Ratel so een keer in die voornag en weer in die nanag die lyndraad paadjie gery. Die lyndraad was ook maar net om diere uit te hou. Vyf stringe doringdraad wat ook nie lekker styfgespan was nie. En dan die waghek by die hoofingang.

Meestal was die basis vol met tussen 600 - 1500 ? man (Afhangende van kort ontplooiings in Sektor 10 se gebied). Maar tydens operasies in Angola was daar beswaarlik 20 – 30 man agtergelaat om die basis te beskerm (hoofsaaklik teen diewe en brande). Die naaste ander SAW eenheid was te Oshivelo (20 Km suid op die Rooi Lyn). Dit was te ver vir onmiddelike reaksie.

Waarom is Omuthiya nooit geteiken deur Swapo nie?

Miskien was die intimidasie faktor te groot.

Miskien was daar pogings, maar nooit volvoer nie.

Die gebied was yl bevolk. Miskien het Swapo nie oor die nodige inligting beskik nie.

Leser: Wat is jou teorie?

Sou mens die statistieke oor die tydperk lees, dan kan jy net wonder – oor die wonder.

INSIDENTE	1980	1981	1982	1983	1984	1985	1986	1987	1988
KONTAKTE	644	545	297	299	307	252	176	213	134
EN									
HINDERLAË									
MYNE	327	349	311	188	169	170	105	103	101
GEDETONEER									
INTIMIDASIE	120	121	102	92	67	98	68	60	33
SABOTASIE	84	37	46	41	96	137	127	107	112
	·								
TOTAAL	1175	1052	756	620	639	656	476	483	380

Bron: Frontline.org

George van Niekerk

Ek was daar in 1981 en ek weet nie van enige voorvalle of beskerming nie. Ons het well wag gestaan as ons in die basis was. Daar was wagposte en 'n waghuisie by die hoofhek. Toe ons op Ops Protea gegaan het, was daar 'n groep van Infanterieskool wat leier kursus gedoen het. Een was 'n pel van my. Hulle het agter gebly in die basis en hulle tente was by die hoofhek in so aan die linkerkant gewees.

Malcolm Paul

After we arrived late December 1979 we did have an incident one night where Elephants walked through the camp . There was also an occasion one night in Jan or Feb when the main gate guards were stalked by a pride of lions. They opened fire on them thinking it was Terrorists.

Blikkies Blignaut

Ek was daar vanaf Maart 87 tot Junie 88. Ek onthou die voorval wat in Etosha plaasgevind het. Swapo het op die SAAF gunship geskiet. Ek dink die pilot is deur die bene geskiet en die gunner is dood. Binne 'n uur toe wemel dit om Omuthiya van die Caspirs. Dit was nogal 'n grooterige mag van 23 Swapos gewees. Die hele eenheid was op daardie stadium op pas gewees - ons was seker nie eens 20 troepe in die kamp op daai tydstip gewees nie.

Eddie Prinsloo

I was at 61 from March to December 1979. I volunteered as a replacement of transport NCO. We had a few nights where we were told some other base was hit. I made sure I was 2IB those nights. All lights out. Guards took it seriously. One of those nights the elephants came through. Very jumpy guards. I always feared Hyenas. This night was really dark. I walked from the guard tent with my bayonet attached one in the beech. Doing my own patrol. Something moved in front of me. I froze. Safety moved to auto. Too dark to see what it was. Could not smell it. Could not see it. How I never fired I don't know. Time pasted. Nothing. By the time I relaxed I realized all the tents were in my path of fire. That was closest I came to an accident at 61.









DON'T FORGET!!!

61 Mech Veterane Vereniging



Kom besoek ons stalletjie by die

PRO PATRIA MUSEUM MILITÊRE FEES

1 Mei 2024

09:00 tot 15:00



Daar is iets vir almal - Versamelaars, Uitstallers, "Lewendige" musiek in die Biertuin, Kos stalletjies, Oorlogsverhale, Veterane Organisasies & iets vir die dames en kinders

Kaartjies: R50 per volwassene / Kinders (7-18) R25

Bespreek aanlyn en kry vinnige toegang tot die terrein via die Noordelike Hek (R101)

The 61MVA Buddy Fund

Andrew Whitaker



As most are aware 61MVA has had its buddy fund in place for some years, assisting veterans in need. This fund relies on donations from those that are able to assist. The fundraising process was ramped up about a year and a half ago, with a BackaBuddy online campaign. HP Ferreira was used as the catalyst to appeal to the public for assistance, but the idea was to raise funds for any 61 veteran in need.

The BackaBuddy scheme was initially quite successful and raised in excess of R100 000. But like anything of this nature, it needs to be driven, quite relentlessly and maybe we took our eye off the ball as while this initiative was in full swing and in fact resulted in other donations been made directly to the 61 MVA bank account, very little other funding was raised towards the buddy fund.

With this in mind, together with growing needs of veterans looking for assistance, we need to relaunch with a concerted effort, our fundraising drive.

Please if anyone is in a position to assist, our bank details are as follows:

Account Name: 61 Mech Battalion Group Veterans Association

Bank Name: Standard Band SA. Universal Branch Code: 006305 Account Number: 00 329 366 1

Reference: Buddy Fund + Your name

IN NEED - INDEED

There is a difference between a veteran in real need of assistance and one with a perceived need. It is essential to distinguish between the two to ensure that proper resources and aid are provided to those who truly require it.

A veteran in real need of assistance is someone who may have severe physical injuries sustained during military service. These injuries can significantly impact a veteran's mobility and daily activities, making it difficult for them to lead a normal life. They may require specialized medical care and rehabilitation services to improve their quality of life. Moreover, these physical injuries may also lead to financial struggles due to the inability to work, making it challenging to cover medical expenses.

In addition to physical injuries, a veteran in real need of assistance may also have mental health problems. The experiences of war can result in post-traumatic stress disorder (PTSD), depression, anxiety, and other mental health issues. These conditions can affect a veteran's ability to function normally and can also have a significant impact on their relationships and dai-

An old soldier's life is full of trials and strife
But decades after the war, there's still a chance
To lend a hand and help a fellow life
To show compassion, to show love's advance

For when the battle rages on and on And fear and doubt creep into every heart It's in those moments that true heroes dawn And from the darkness, light will surely start

So let us not forget our comrades dear
Whose blood and sweat and tears are just like ours
Let's be a friend, a shoulder, and an ear
To ease their burdens and to heal their scars

For in this brotherhood, we stand as one And helping each other, our duty done. ly life. They may require counselling, therapy, and medication to manage their mental health and improve their overall well-being.

For the above help is available through external sources in the broader society. The 61 MVA also assist its members from through the Buddy Support Program and special projects.

But then there are veterans who through financial setbacks and other circumstances find themselves in dire straights. It is in this category that 61 MVA has the greater impact. This is short term help in the form of food vouchers etc.

The 61 Mech Community is small. As on date we have 8300 members on the Facebook page. Arguably more than 50% never served in 61 Mech, but were invited by 61 Mech members. Some of these friends add value, whilst others never contributes even one comment over years - or ever.

For 61 MVA to be able to assist its members in need, it have to raise funds from a small core community through membership fees and special projects, run by passionate volunteers working without pay.



TERUGYOER OOR DIE RYSTOEL PROJEK VIR CHRIS LOOTS Voledige Artikel in die Februarie 2024 Nuusbrief

Alhoewel die projek amptelik tot n einde geloop het vanaf die Vereniging se kant af, het daar steeds fondse ingekom. Die totaal van R36150-00 is ingesamel. Met die orige geld is vir hom 'n gel rolstoelkussing en 'n lugmatras gekoop om druksere te voorkom. Daar is ook van sy mediese onkostes betaal. Elke sent is sinvol aangewend.

"Ek het nie genoeg woorde om my dankbaarheid uit te druk nie" sê Johan Loots. Met die hulp van die 61 Meg veterane kon Chris weer mobiel raak.

Dit het sy hele lewe verander. Twee weke later is Chris 'n ander mens. Hy kyk weer met nuwe moed na die toekoms en beplan om die Nasionale Skouerskuur Gariep 3 tot 5 Mei 2024 by te woon.

Daar is 'n ongelooflike dankbaarheid in Chris. Hy sê hy het gevoel hy in almal se pad was. Alles moes vir hom gedoen word maar na die selfaangedrewe rolstoel wat baie gemaklk beheer word, self badkamer kamer en waar ook al;

"Nou kan ek myself help en ek het weer moed. BAIE Dankie aan almal."





Onthou om te Onthou!!



Jannie Niewoudt

Ons jaarlikse Landwye Gariepsaamtrek vind weer vanjaar plaas op die 3,4,5 Mei te Gariepdam. Kom ons maak dit weereens soos die vorige 3 kere iets om te onthou. U kan reeds begin besprekings maak in Chalets of kampplekke. Dit is regtig bekostigbaar as 'n paar ouens saamklub. Daar is ook 'n groep Noord-Kapenaars wat hul eie Skouerskuur groep begin organiseer. Indien u in daardie geweste is, praat met Oom Jaap of Gert Agenbach en raak betrokke.

The 61 Mech Bn Gp Diaspora Part 7

SA IRISH REGIMENT

The term "diaspora" originates from an ancient Greek word that signifies the act of scattering. This accurately describes the actions of people belonging to a diaspora, as they disperse from their native land to various locations around the world, while simultaneously sharing and promoting their culture along the way.

This is analogous to 61 Mech.

Just like the wind that awakens and brings rejuvenation as it moves along, the days of the 61 Mech Bn Gp were pioneering days filled with opportunities. For the national servicemen who were fortunate enough to go through the rigorous training of 61 Mech, a new challenge awaited. Once they completed their National Service, they were assigned to citizen force regiments. The Regiments force welcomed some of the most skilled and capable young soldiers into their ranks. These soldiers brought with them their expertise, top-notch training, and valuable combat experiences, adding value to the regiments they joined.



Among many others, the following 61 Mech members served with SA Irish Regiment:

Willem Grobler
Jaco Swanevelder
Robert Torrani
Gert Deysel
Marius Engelbrecht

ORIGINS

The first South African units influenced by Irish origins were the Cape Town Irish Volunteer Rifles raised in 1885 and Driscoll's Scouts raised during the Second Anglo-Boer War of 1899-1902.

WORLD WAR I

During World War I, the South African Irish Brigade was formed by officers in Johannesburg to create a regiment made up of citizens from the area.

The Union Defence Force Headquarters approved the formation of a new regiment, with Lieutenant-Colonel Brennan as the commanding officer and Major Twomey as the recruiting officer. General Louis Botha's wife, a lady of Irish descent named Emmett, was appointed as the regiment's first honorary colonel.

The South African Irish Regiment was formed in either September or December 1914 in Johannesburg. It was part of the 4 South African Infantry Brigade and fought in German South-West Africa. After the campaign, volunteers from the regiment joined the 9 South African Infantry Regiment to fight in East Africa.

The South African Irish Regiment was disbanded on 31 December 1919. On January 29, 1921, Prince Arthur of Connaught, the Governor-General of the Union of South Africa, presented the Kings Colour to the regiment in Johannesburg posthumously, in recognition of their service in South-West Africa.

WORLD WAR II

During World War II, the 1st South African Irish Regiment was formed by Major Twomey, Captains Jeoffreys, and Cullinan. Despite being designated as the 1st South African Irish, a second battalion was never formed as the men intended for it were drafted to the first battalion. The regiment consisted of a regimental HQ, a Support Company, three infantry companies, and later a pipe band.

After training, the regiment was mobilized in June 1940 under Lieutenant-Colonel D.I. Somerset. It joined forces with 2 Regiment Botha and 3 Transvaal Scottish to form the 5th South African Infantry Brigade. The brigade was then sent to Kenya as part of the 1st South African Infantry Division in July of the same year.

The South African Irish regiment fought in the East African campaign in Kenya, then moved to Egypt for Operation Crusader in Libya. They suffered heavy casualties in the battle at Sidi Rezegh, with only 140 survivors. The survivors joined with the 3 Transvaal Scottish to form 2nd Regiment Botha. They continued fighting in El Alamein in 1942 and were later involved in fighting in Italy.

The regiment received four battle honours for its service in World War II, but could not be awarded them immediately because it was an artillery regiment. Once it was converted back to an infantry unit, it became entitled to the honours and they were included on the regiment's flag.

POST WAR

After World War II, the regiment was asked to become an infantry unit but this was refused due to a lack of intentions to create more infantry battalions. Instead, an artillery unit called 22 Field Regiment (South African Irish), South African Artillery was established in 1946. It operated until 1959 when it was converted back to an infantry unit known as the South African Irish Regiment. From 1960 to 1974, the regiment solidified its traditions as an infantry unit and received honors such as the Freedom of the City of Johannesburg and Regimental Colours. During this time, they formed a special force unit called the Hunter Group, which later became the Reconnaissance Regiments. The regiment also began an annual visit or raid to Barberton and participated in the anniversaries of the Republic in 1966 and 1971.

From 1974 to 1988, the Citizen Force Divisions were active in the Border War and participated in operations in Angola. They also underwent a conversion from motorized infantry to mechanized infantry in 1987. The regiment was granted the Freedom of entry to the City of Barberton in 1979 and celebrated its 75th anniversary in 1989 with a parade in Barberton. In 1991, they organized a parade in Johannesburg commemorating the 50th anniversary of the battle of Sidi Rezegh. The regiment underwent further restructuring and was transferred to Northern Cape Command, where they reverted to motorized infantry. Throughout this time, they successfully completed township unrest camps and training exercises at the Army Battle School.

POST 1994

Between 1992 and 1998, a decline in the regiment's size occurred due to the lack of national servicemen. By 1998, there were only four members left. However, in 1999, the regiment began recruiting untrained individuals from the streets and providing them with parttime training. After internal training, these recruits were sent to a regular army training establishment for evaluation. This successful approach led to the recruitment of black riflemen, Officers, and NCOs, transforming the regiment. By 2004, the regiment had grown back to two companies and a Regimental HQ, the

same size as it was in the 1950s and 1960s.

DEPLOYMENTS

The regiment deployed to the Democratic Republic of Congo (DRC) in 2005 and 2006 for UN peace support operations. In 2006, they also provided training for ex-Commando members joining the conventional reserve. In 2008, the regiment sent 50 members to Sudan and prepared for another deployment to the DRC in 2009.

NAME CHANGE

In August 2019, 52 Reserve Force units in South Africa had their names changed to reflect a more diverse military history. One of these units, the South African Irish Regiment, was renamed the Andrew Mlangeni Regiment. They had 3 years to create and introduce new regimental insignia.

The Regiment received its Colours from the State President, Mr JJ Fouche, on 23 November 1968 together with the following Battle honours:

South West African 1914-15 East Africa 1940-41 Mega Western Desert 1941-43 Sidi Rezegh



WW2: NORTH AFRICA - A group of South African Irish Regiment officers who returned to Mersa Matruh after the battle of Sidi Rezegh.



Garth Evan Sandy Hanes
This is a Tank workshop area, note the Pz.III in foreground has had it's rear decking removed totally.
The decking is just visible to right of photo.



SA Irish Regimental Association Pipes and Drums were honoured to march at the 100th Johannesburg Remembrance Parade.



Danny Armstrong
Cmdt Stuart Moir, Major Kartz, Major Gavin Rothschild and RSM Richard Olsen





Kort Notas Oor Trauma KNOT

Veterane Konteks

Trauma is deel van elke fasset van die lewe.

In hierdie opsomming van die onlangse navorsing oor trauma val die klem en word van toepassing gelees teen die agtergrond van die aktiewe soldaat in konteks van die Bosoorlog. Die interpretasies in hierdie artikel steun sterk op "Chapter Three: Theoretical Overview Of Trauma" uit die Proefskrif van Marna Young (2004).



Trauma as Deel van Militêre Diens

Wanneer 'n dienspligtige aangemeld het vir sy twee jaar militêre opleiding en ontplooiing na die operasionele gebied, het die gedagtes onwillekeurig gewentel na die moontlikheid van dood. Dit is mos maar die verloop van militêre diens. Jy word opgelei om die vyand te dood, en die vyand word opgelei om jou te dood. In

die proses van opleiding word jou uithouvermoë tot die uiterste beproef, en stukkie vir stukkie word die grense van jou vermoë verder en verder gedruk. Fisies en geestelik word jy sterker.

Nie alle rekrute reageer dieselfde daarop nie. Maar uiteindelik is daar 'n plekkie in die legkaart waar elkeen inpas, volgens jou optimale

Exploring The Meaning Of Trauma In The South African Police Service.

https://repository.up.ac.za/bitstream/handle/2263/27855/03chapter3.pdf?sequence=4&isAllowed=y

vermoë. Daar moet vegters wees. Vegters moet eet. Daarom is daar nodigheid vir chefs om die etes te berei. Die tonne kos moet verkry, vervoer, geberg en gelewer word.

Hierdie lang logistieke lyn verg baie mannekrag.

'n Mobiele weermag verg baie voertuie vaartuie en vliegtuie, dié ommee te veg en dié om die geveg te ondersteun. Daarvoor is 'n netwerk van drywers nodig en vele tegniese personeel om beide die voer- tuigvloot en die bewapening aan die gang te hou. Die soldaat moet sy soldy kry en dit beno dig 'n network van personeel om bewegings en plasings te administreer. Dan benodig die stelsel mediese en verpleeg personeel. En so gaan die lys aan. En elkeen word opgelei vir sy taak. Sommige opleiding het groter risiko vir beserings en selfs die dood, ander in mindere mate. Maar elkeen beleef in 'n mindere of meerdere mate spanning binne sy aanstelling. Dan is daar die spanning oor wat by die huis aangaan; is my

familie nog gesond?.

Dan een oggend vertrek een deel na die oorlog zone en die ander na hulle poste in die ondersteunings netwerk. Die spanning loop hoog en elkeen moet by hernuwing weer aanpas by en in sy nuwe geografiese omgewing en verantwoordelikheid aanvaar. Die oorlog woed voort.

Vandag sowat negentien jaar sedert 61 Meg Bn Gp ontbind is (2005), is dit baie duidelik dat dit nie slegs direkte kontak aan die front wat as traumatise gebeure onthou word nie. Wat van die opleidings ongelukke, voertuig ongelukke, frats ongelukke? Wat van dié wat iewers in 'n SAW fasaliteit gesterf het, of die trauma by naasbestaandes en vriende van die gesneuweldes? Die traumatiese herinnerings leef voort. Party veterane word nie geraak nie terwyl ander lewenslank gebuk gaan oor gebeure wat hulle tydens hulle SADF/SANDF diens beleef het.



Post Traumatiese Stres Versteuring

Post-traumatiese stresversteuring (PTSD) is 'n werklike versteuring wat ontwikkel wanneer 'n persoon 'n skrikwekkende, skokkende, vrees aanjaende of gevaarlike gebeurtenis ervaar of gesien het. Hierdie stresvolle of traumatiese gebeure behels gewoonlik 'n situasie waar iemand se lewe bedreig is, die person op 'n geweldadige wyse beseer word of nou betrokke of teenwoordig was by die persoon met wie dit gebeur het.

Onbeantwoorde Vrae

Is trauma fisies of sielkundig?

Word trauma veroorsaak deur die gebeurtenis self of deur die subjektiewe interpretasie daarvan?

Of is dit dalk veroorsaak deur kwesbaarhede in die persoon wat spruit uit gebeure of toestande wat reeds bestaan het voor die traumatise gebeure?

Feins traumalyers hulle simptome omdat hulle aan morele swakheid ly, of ervaar hulle 'n onwillekeurige verswakking van die vermoë om beheer oor hul lewens te neem?



Nuutste Navorsing Toon

Verwerking van Herinnerings

Terwyl gewone herinneringe vervaag en deel word van die persoon se verlede, bly traumatiese herinneringe lewendig en teenwoordig, en herleef die persoon voortdurend die oomblik en detail van die gebeure. Post-traumatiese stresversteuring kom voor wanneer hierdie herinneringe nie geïntegreer word in die persoon se persoonlike geskiedenis nie, maar eerder onafhanklik voort bestaan, oorheers deur emosionele beelde en fisiese sensasie.

Ná 'n traumatiese gebeurtenis ervaar mense dikwels indringende gedagtes oor wat gebeur het. Hierdie gedagtes kan hulle help om die ervaring te verwerk en daaruit te leer, of om te aanvaar wat gebeur het en aan te pas. Met verloop van tyd verwerk die brein die trauma anders, of integreer dit in die geheue as 'n ge- beurtenis uit die verlede, of veroorsaak dat sensasies en emosies oorweldigend word.

In gevalle van posttraumatiese stresversteuring kan die herhaling van die trauma lei tot verhoogde nood en biologiese veranderinge. Dit kan bydra tot voortdurende gevoelens van hiper waaksaamheid en die onvermoë om te

onderskei tussen verskillende breinprikkels.

Die brein poog om die traumatiese herinneringe te verwerk deur die bewuste verstand by die geheue betrokke te maak en verskeie selfhanterings oplossings in werking te stel. Hierdie siklus duur voort totdat die geheue uiteindelik die situasie verwerk het en in 'n sinvolle gegewe berus.

In gevalle van PTSV maak die hoë vlak van angs wat veroorsaak word deur die traumatiese geheue dit moeilik om die gebeure effektief te verwerk en te begrawe. Dit lei tot langtermyn lyding en wanaangepaste gedrag. (Horowitz, 1976).



Een van die ernstige komplikasies wat inmeng Dit wil voorkom of Post-traumatiese stresmet genesing is, dat een spesifieke gebeurtenis 'n versteuring persone drie hoof reaksies toon ander lank vergete herinneringe van vorige trau- op maniere om te reageer op die toestand van mas weer aktief kan maak – dit skep 'n "dom- inkonsekwente gedagtes, oortuigings of houdino-effek". 'n Persoon wat nie voorheen gepla ings. Net soos dit gebeur het tydens die traumawas deur indringende en ontstellende herinner- tise ervarings. Dit gebeur veral met betrekking inge van 'n gebeure nie, kan na blootstelling aan tot gedragsbesluite en houdingsverandering. nog 'n traumatiese gebeurtenis, herinneringe aan vroeëre ervarings weer by hernuwing herroep. Hulle kan probeer om hul traumatiese herinne-

Die traumatiese geheue het die vermoë om potensieele psigiatriese versteurings te kan veroorsaak deurdat die persoon die gebeure wil verswyg.

Twee soorte verswygings is moontlik. Eerstens neem. wil die persoon die inhoud van hul herinnering vir ander wegsteek. Boonop wil hulle self die Of deur ontkenning soos om te poog om spesiherinnering vergeet of, by gebreke hiervan, hulle fieke gedagtes te vermy en herinneringe emona die rand van die bewustheid druk. Tweed- sioneel te verdoof deur ander verdedigingsmeens is dit 'n herinnering wat die persoon vir hulganismes. (Young, 1995). self wegsteek. Hulle weet dat hulle 'n geheim het omdat hulle die bestaan daarvan aanvoel, maar hulle is nie in staat is om dit te onthou nie. Van der Kolk, McFarlane and Weisaeth (1996).

ringe te versoen met die geheue-inhoud in ooreenstemming met hul voorafbestaande denkpatrone.

Hulle kan ook probeer om die herinneringe van hul opvallendheid en emosionele krag te ont-



Trauma, Geheue en Self Gewaarwording

Volgens Young (1995) het die term "geheue" drie betekenisse in die alledaagse gebruik: die verstandelike vermoë om gestoorde inligting te herwin, die logiese betekenis, verbeeldings- of Die vermoë om interne toestande en gedragssintuiglike inhoud om herinneringe te begryp, en die plek waar hierdie herinneringe gestoor word.

Deur selfbewussyn met die verlede te verbind, voorsien die geheue die persoon van 'n oordeelsvermoë gevorm deur persoonlike opinies en gevoelens in plaas van invloede van buite.

reaksies op eksterne stres te reguleer definieer beide 'n mens se kernkonsep van homself en sy houding teenoor sy omgewing.

Onlangse studies dui daarop dat kwesbaarheid wel 'n beduidende rol speel in die ontwikkeling van trauma, sowel as in die langtermyn aanpassing om met die nalatenskap van trauma te leef. 'n Groot aantal studies het aangetoon dat die sekuriteit wat liefde, goedhartigheid, simpatie vir iemand gee, 'n kragtige teenvoeter verskaf teen trauma.

Konfrontasies met geweld daag 'n mens se mees basiese aannames uit oor die self as onkwesbaar en oor die wêreld as ordelik en regverdig. Na die trauma kan die slagoffer se siening van self en wêreld kan nooit weer dieselfde wees nie. Dit moet heropgebou word met inagneming van die traumatiese ervaring.

Ouderdom en vorige lewenservarings sal die persoon se interpretasie ingrypend beïnvloed oor die betekenis van die trauma. Baie getraumatiseerde individue is geneig om hulself te blameer dat hulle die traumatise gebeure swak hanteer het. Hulle aanvaar verantwoordelikheid vir die trauma wat hulle gevoelens van hulpeloosheid en kwesbaarheid versterk.

Trauma gaan gewoonlik gepaard met intense gevoelens van vernedering. Om bedreig, hulpeloos en buite beheer te voel is 'n skerp aanval op die vermoë van die persoon om op himself te kan staatmaak. Skaamte is die emosie wat verband hou met die gevoel dat hy homself in die steek gelaat het. Intense vrees word gekenmerkend deur angs plus die element van verrassing en is vergelykbaar en soortgelyk aan 'n fisiese aanval (Young, 1995).

Sedert dit gevind is dat vrees (senuweeskok) en besering (chirurgiese skok) soortgelyke effekte tot gevolg het, ontstaan die vraag van hoe hulle aan mekaar verbind.

Maar dit is slegs deel van die storie aangesien daar nog een element is waarmee vrees verbind word; en dit is seerkry of om pyn te ervaar. Pyn is 'n ervaring wat die organisme probeer vermy, maar dit is ook 'n teken van liggaamlike besering en 'n aanduiding van verganklikheid. Die betekenis van vrees het die vermoë om fisiese ongesteldheid te veroorsaak. Dit is algemeen bekend dat 'n eindelose toestand van opwekking tot uitputting lei, 'n verhoging van die bloeddruk en selfs die dood.

Maar wanneer blootstelling aan traumatiese skok sporadies en nie deurlopend is nie kan die persoon op drie moontlike maniere op hulle geheue reageer. Young (1995)

Sommige slagoffers ontwikkel strategieë en roetines wat hulle toelaat om skadelike stimuli (fobies) te vermy, ander gee toe aan aangeleerde hulpeloosheid, en derdens kan slagoffers van traumatiese ervarings omstandighede wat hul traumatogene gebeure herhaaldelik laat opsoek.

Daar bestaan navorsingsbewyse wat daarop dui dat interne (deur die liggaam self vervaardig) begripsveranderende dwelms (endorfien) vrygestel kan word in 'n slagoffer se bloedstroom tydens oomblikke van traumatiese skok. In die geval van posttraumatiese stresversteuring kan die endorfien 'n kalmerende effek hê op gevoelens van angs, depressie en ontoereikendheid.

Met verloop van tyd kan persone verslaaf raak aan hul endorfiene en aan die herinneringe wat deur hierdie chemikalieë aangewakker word. Wanneer die tydsverloop tussen blootstellings te lank uitmekaar uit is, kan die persoon tipiese simptome van opiaatonttrekking soos angs, prikkelbaarheid, plofbare uitbarstings, slapeloosheid, emosionele skommelings en hiperwaaksaamheid ervaar. Volgens Young (1995) kan die ongemak van "onttrekking") opbou tot die punt waar die persoon homself doseer met endorfien deur homself weer bloot te stel aan traumatogene-agtige situasies. (Van der Kolk, McFarlane en Weisaeth (1996)

In hierdie hervertolking van die trauma kan 'n individu die rol speel van slagoffer - of die toediener van die traumatise gebeure. Van der Kolk, McFarlane en Weisaeth (1996) noem drie maniere waarin die herbeleef van die trauma kan vorm: skade aan ander, selfvernietiging en terugkeer na die rol van die verontregte.



Vermyding, verdowing en distansieëring as verdedigingsmeganismes

Die menslike reaksie op skielike en oorweldigende gebeure word toenemend erken as 'n stabiele sielkundige normaliteit (Burgess & Holmstrom, 1974; Figley, 1978; Green, Wilson, & Lindy, 1985; Horowitz, 1976). Dit blyk dat die sentrale senuweestelsel in 'n voorspelbare patroon begin reageer op enige oorweldigende, dreigende en onbeheerbare ervaring. Ongeag die oorsaak van die gebeurtenis, toon getraumatiseerde persone steeds 'n sterk neiging tot oordrewe waaksaamheid. Hulle is geneig om op 'n alles-of-niks-manier op stres te reageer: óf angs in sy naakte vorm wat dikwels gepaard gaan met reaksies wat insluit dade van aggressie teen die self of ander, of andersins sosiale en emosionele onttrekking. (Krystal, 1978).

Kalsched (1996) noem dissosiasie 'n truuk wat die psige op homself speel. Die lewe word toelaat om voort te gaan deur die ondraaglike te verdeel, en die trauma te versprei dit na verskillende kompartemente van die verstand en liggaam, veral die onbewuste aspekte daarvan. Dit beteken dat die normaalweg verenigde bewussyn nie toegelaat word om te integreer en die self te ervaar nie.

Die sielkundige verdediging van dissosiasie teen die ervaring van ondraaglike pyn dra 'n groot interne koste. Die sielkundige gevolge van die trauma bly in die innerlike wêreld spook". Dit is nie 'n vriendelike proses nie maar eerder as 'n aktiewe aanval deur een deel van die psige op die ander dele, wat 'n groot mate van aggressie behels.

Die keuse van verdediging in die getraumatiseerde persoon is gekoppel aan lewensfase en onvoorspelbare begrips faktore (Van der Kolk, Weisaeth, & Van der Hart, 1996). Sodra getraumatiseerde individue belas word deur indringende herervarings van hul trauma begin hulle oor die algemeen hul lewens organiseer om die emosies wat verband hou met aanvanklike trauma te vermy. Vermyding kan baie verskillende vorme aanneem, soos om weg te bly van herrinerings of deur die inname van dwelms of alkohol om die bewustheid van ontstellende emosies te verdoof. Kalsched (1996)

Baie persone met onverwerkte trauma, aktief of rustend, vermy emosionele opwekking, maar ervaar 'n groeiende agteruitgang en ontrekking en losmaking. Om niks te voel is beter as om geïrriteerd en ontsteld te voel. Volgens Van der Kolk (1987), lyk dit asof die chroniese hiperopwekking van posttraumatiese stresversteuring beide die biologiese en die sielkundige hulpbronne wat nodig is om'n wye verskeidenheid emosies te kan ervaar uitput. Een van die mees ontstellende aspekte van hiperopwekking is die veralgemening van die bedreiging. Die wêreld word dus toenemend 'n onveilige plek.

Die Rol Van Betekenis In Die Belewing Van Trauma

Die persoonlike betekenis van 'n traumatiese ervaring ontwikkel oor tyd, en sluit dikwels in gevoelens van onherstelbare verlies, woede, verraad en hulpeloosheid.

(Wolff 1995) skryf baie van die vertraagde-aanvangsimptome van posttraumatiese stresversteuring toe aan 'n verlies aan betekenis van die traumatiese gebeurtenis. Hy voer aan dat baie Suid-Afrikaanse soldate deur erge traumatiese situasies gegaan het tydens die oorlog in Angola, sonder om tekens van PTSD te toon, omdat hulle een of ander soort betekenis aan die oorlog kon heg. Na 1994, toe daardie betekenis bevraagteken is, het die simptome van PTSD vermenigvuldig en die diagnoses het vermeerder.

Betekenis

Betekenis word gedefinieer as dit wat die persoon as merkwaardigheid ag of as belangrik beskou om sin uit die lewe te maak. (Gordon Allport). "As daar 'n doel in die lewe is dan moet daar 'n doel wees in lyding en in sterwe". Nietzsche som dit so op: "hy wat 'n waarom in die lewe kan vind, kan bykans enige hoe verdra". As die persoon 'n gevoel van betekenis aan die trauma kan toeskryf, ervaar die slagoffers dikwels die simptome van PTSV as natuurlike reaksies wat nie professionele hulp vereis nie. (Van der Kolk, McFarlane, & Weisaeth, 1996).

Die kritieke element wat 'n gebeurtenis traumaties maak, is die subjektiewe beoordeling deur die slagoffers van hoe bedreig en hulpeloos hulle voel. Hoewel die werklikheid van buitengewone gebeure die kern van post-traumatiese stresversteuring is, is die betekenisse wat slagoffers aan hierdie gebeure heg, net so fundamenteel soos die trauma self (Van der Kolk, McFarlane, & Weisaeth, 1996). 'n Belangrike element van 'n traumatiese ervaring is die aspek van verlies, of dit nou lewensverlies, besittings, integriteit of oortuigings is. Dit is wanneer mense hul oortuiging, dat hul wêreld 'n veilige, geordende en regverdige plek is om in te woon, verloor.

Die meerderheid van getraumatiseerde persone voel verraai, ervaar pyn en verlies. Hulle voel dikwels verlate en verraai deur hul medemens. Gewoonlik bring lyding nie 'n toename in 'n gevoel van liefde en betekenis nie. Dit lei meer dikwels tot eensaamheid en disintegrasie van geloof (McFarlane & Van der Kolk, 1996). Die onvoorspelbaarheid van 'n traumatiese gebeurtenis maak dat individue nie in staat is om hulself voor te berei nie. Dit kan as 'n fundamentele rede beskou word vir die blywende gevolge en erge gevoelens van hulpeloosheid wat ervaar word. (Young 1995)





Betekenis en ondersteuning

Die verband tussen verskillende faktore speel 'n deurslaggewende rol in hoe traumatiese gebeure waargeneem word en hoe individue daarvan herstel. (Krugman, 1987). Mense wat deur trauma geraak word, kan verskillende interpretasies hê van wat gebeur het en die omvang van die betrokke lyding, wat lei tot botsende beoordeling van die gebeurtenis. Dit kan daartoe lei dat blaam aan ander toegeskryf word, eerder as om die trauma self aan te spreek. Emosionele reaksies op trauma kan ook lei tot die soeke na sondebokke om verantwoordelik te hou vir die tragiese gebeurtenis.

Emosionele gehegtheid is waarskynlik die primêre beskerming teen gevoelens van hulpeloosheid en betekenisloosheid. In erkenning van hierdie behoefte aan affiliasie as 'n beskerming teen trauma, word dit wyd aanvaar dat die sentrale kwessie in rampbestuur die voorsiening en herstel van sosiale ondersteuning is. (Raphael, Wilson, Meldrum & McFarlane, 1996). Lindy en Titchener (1983) noem die sosiale ondersteuning wat slagoffers omring "die trauma membraan". Wanneer mense se eie hulpbronne uitgeput is, moet hulp van buite gemobiliseer word om vir hul hulpeloosheid te vergoed (Hobfoll & De Vries, 1995).

Eksterne bevestiging oor die werklikheid van 'n traumatiese ervaring in 'n veilige en ondersteunende konteks is 'n noodsaaklike aspek in die voorkoming en behandeling van posttraumatiese stres.



Die skep van so 'n konteks vir herstel kan egter baie ingewikkeld raak wanneer die sielkundige behoeftes van die slagoffers en die behoeftes van hul sosiale netwerk in konflik is (McFarlane & Van der Kolk, 1996), of as die sosiale netwerk uitgeput is of nie beskikbaar nie. Wanneer daar 'n gebrek aan eksterne bevestiging en ondersteuning is, is traumatiese herinneringe meer geneig om voort te gaan om die slagoffer se gedagtes te oorheers.

Dit word uitgedruk as woede, onttrekking of andersins ontwrigtende gedrag (McFarlane & Van der Kolk, 1996). Daar word in Kaplan en Sadock (1991) opgemerk dat die beskikbaarheid van sosiale ondersteuning die ontwikkeling, erns en duur van PTSV kan beïnvloed. Lifton (1983) het gevind dat baie trauma-oorlewendes wat 'n gebrek aan sosiale ondersteuning ondervind, of vind dat die blaam op hulle geplaas word, dieper letsels as gevolg hiervan eerder as die traumatiese gebeurtenis selfoorhou.

McFarlane en Van der Kolk (1996) wys daarop dat beide PTSV-slagoffers en die samelewing dikwels sukkel om trauma as die grondoorsaak van lyding te erken. Die samelewing kan gegrief voel omdat die gevoel van veiligheid ontwrig word, terwyl slagoffers dalk sukkel om hul emosionele en gewaarwordings ervarings uit te druk. Trauma-slagoffers is kwesbaar vir uitbuiting vir verskeie politieke en sosiale doeleindes, en die samelewing se reaksies op getraumatiseerde individue word dikwels deur kollektiewe bewussyn eerder as objektiewe ontledings beïnvloed.

Die kwessie van verantwoordelikheid, beide individueel en gedeeld, is sentraal oor hoe 'n samelewing homself definieer. Die samelewing sukkel dikwels om objektief op getraumatiseerde individue te reageer, en beskou hulle as herinneringe aan pyn en lyding wat hulle eerder wil vergeet.

Onderdrukking, dissosiasie en ontkenning is nie net individuele verskynsels nie, maar ook sosiale verskynsels. Die konsep van verantwoordelikheid, beide persoonlik en kollektief, is deurslaggewend in die vorming van 'n samelewing se identiteit. Trauma en viktimisasie kan soms oormatig as verduidelikings gebruik word, wat selfrefleksie vir beide individue en samelewings belemmer.

Trauma slagoffers in die samelewing kom dikwels voor uitdagings te staan wat morele en finansiële ondersteuning van die gemeenskap vereis. Terwyl sommige slagoffers dalk herstel vir hul lyding soek, verduur baie stilweg hul pyn as gevolg van skaamte en 'n begeerte om hul waardigheid te behou. Sommige kan selfs onwetend hul traumas herbeleef, wat tot verdere nood lei.

Navorsing toon dat trauma individue meer kwesbaar is om weer getraumatiseer te word. Slagoffers kan hul ervarings privaat hou uit selfbeskerming, aangesien hulle bang is om gestigmatiseer te word. Aanvanklik kan die samelewing deernis teenoor slagoffers toon, maar hulle kan uiteindelik as 'n las bestempel word.

Die openbare media het 'n kragtige invloed in die vorming van sosiale sienings van trauma en die maniere waarop individue dit hanteer. Die media fokus op traumatiese gebeure regoor die wêreld, wat kykers of minder gevoelig maak of andersins sekondêre traumatisering kan veroorsaak.



Die 61 MVV het 'n behoefte aan professionele kundiges om op vrywillige basis raad en hulp te verleen aan makkers met PTSV. Kontak asb die EXCO.

The 61 MVV has a need for professional experts on a voluntary base to provide advice and help to veterans suffering from PTSD. Please contact the EXCO.

Hoof Bronne

Figley, C. (Ed.). (1978). Stress disorders among Vietnam Veterans - Theory, research and treatment. New York: Brunner/Mazel.

Hobfoll, S.E., & De Vries, M.W. (Eds.). (1995). Extreme stress and communities: Impact and intervention. Dordrecht: Kluwer.

Horowitz, M.J. (1986). Stress response syndromes (2nd ed.). Northvale NJ: Jason Aronson.

Kalsched, D. (1996). The inner world of trauma. Archetypal defenses of the personal spirit. London: Routledge.

Kaplan, H.I., & Sadock, B.J. (1991). Synopsis of psychiatry. Behavioral sciences clinical psychiatry, (6th ed.). London: Williams & Wilkins.

Krystal, H.(1978). Trauma and affects. Psychoanalytic Child Study, 33, 81-116.

Lifton, R. (1983). The broken connection. New York: Basic Books.

Lindy, J.D., & Titchener, J. (1983). "Acts of God and man": Long term character change in survivors of disasters and the law. Behavioral Science and the Law.

McFarlane, A.C., & Van der Kolk, B.A. (1996). Trauma and its challenge to society. In B.A van der Kolk, A.C. McFarlane, & L. Weisaeth (Eds.), Traumatic stress. The effects of overwhelming experience on mind, body and society. New York: The Guilford Press.

Raphael, B., Wilson, J., Meldrum, L., & McFarlane, A.C. (1996). Acute Preventive interventions. In B.A. van der Kolk, A.C. McFarlane, & L. Weisaeth (Eds.), Traumatic stress. The effects of overwhelming experience on mind, body and society (pp. 463-479). New York: The Guilford Press.

Van der Kolk, B.A., McFarlane, A.C., & Weisaeth, L. (Eds.). (1996). Traumatic stress. The effects of overwhelming experience on mind, body and society. New York: The Guilford Press.

Young, A.(1995). The harmony of illusions: Inventing Post-Traumatic Stress Disorder. Princeton University Press: New Jersey.

Wilson, J.P. (1980). Conflict, stress and growth: The effects of the Vietnam war on psychological development of Vietnam veterans. In C.R. Figley & S.Leventman (Eds.), Strangers at home: Vietnam veterans since the war. New York: Praeger.

Die 61 MVA Se PTSD/Trauma Hulpstruktuur



Manus Myburgh

Die 61 MVV EXCO is besig om aan 'n projek te werk om ondersteuning aan 61 ners op geestelike en sielkundige vlak te lewer.

Ons gaan binne die 61 Mech Nasionale streke Kapelane en individue identifiseer wat ons makkers gaan bystaan. Daar is reeds twaalf Kapelane deur Roelf Schoeman opgelei. Ons sal ook 61-manne laat oplei om in die streke op sekere vlakke te kan help. Die PTSD/Trauma hulpstruktuur gaan onder Gert Minnaar val binne die nuwe bedeling.



Dr. RPG (Roelf) Schoeman

0834001571

PhD (Practical Theology) at University of Pretoria

CEO and Founder of Eléhos Ministry CC
Course Developer at the University of Pretoria
Pastoral Care and Trauma Counsellor
Author and Researcher
roelf@elehos.co.za



CELEBRATING 20 YEARS OF MINISTRY

Purpose driven support to develop context specific, emotional and trauma support systems.

Die laaste groep diensplig veterane betree nou aftree ouderdom. Navorsing het uitgelig dat veterane van vorige oorloë wat nie voor aftrede hulle trauma verwerk het nie, omdat hulle te besig was met al hulle verantwoordelikhede, na aftrede saam met die nuwe uitdagings van aftrede ook gekonfronteer word met al die onverwerkte trauma van die verlede.

Van hulle wat oorlogsverwante trauma en selfs ander trauma wil verwerk is welkom om Dr Roelf Schoeman te kontak by

roelf@elehos.co.za of 083 400 1571.

Sodra veterane hom kontak, sal hy hulle dan met die ondersteuningsprosesse wat reeds in plek is, ondersteun. Sy benadering is om veterane organisasies soos 61 Mech te bemagtig om met die toerusting van die vrywilligers van ons eie organisasie, hulle eie veterane en families in hulle eie konteks te kan ondersteun.

61 Mech sal binnekort besonderhede van die ondersteuningsproses wat ons vir veterane organisasies beskikbaar stel, bekend maak. Dit sal op Nasionale vlak plaasvind.

ONS BOSOORLOG DOKTERS

D H Lotter

Mediese dokters in die gevegsone is was 'n spesiale spesie hetsy nasionale dienspligtiges wat pas afgestudeer het, gevestigde praktiseins wat hulle 3 maande grensdiens gedoen het of staandemag dokters. Dit is so dat hulle net hulle plig nagekom het. Maar nie alle dokters was geskik om aan die voorpunt van die front te kon dien nie. Dit het meer geneem as 'n mediese graad. Dit het veerkragtigheid en onbaatsugtigheid geverg. 61 Meg Bn Gp was bevoorreg om deur die jare van sy bestaan net die beste te kon kry.

Diep in die bosse van Angola in 1987 met Ops Modulêr het ek eendag aan die analogie van die seilskip dae se skeepsarts gedink. "We are on the same ship". By die mediese bevelspos van 20 Brigade was Dr G Scharff en twee jonger dokters by die Veggroepe. Ek sal Dr van Rensburg (61 Meg) en Dr van Staaden (32 Bn) altyd met groot agting onthou.



Dr van Rensburg



Dr van Staden

Ek het in kleintyd al Konsalik se oorlogsromans verorber. Het ek toe maar geweet dat ek die "Snydokter van Stallingrad" sou ontmoet in verskillende vorme en gedaantes gedurende die Bosoorlog. Daardie dokters was iets besonders. Eerstens soldaat en dan ook dokter. SALUUT!!!

Uit Ops Sceptic kom die vertelling van die intense geveg van Paul Louw se peloton wie se vier Ratels binne minute uitgeskiet word deur vier swaar lugafweerkanonne in die grondrol ontplooi. Die doelwit ontaard binne minute in 'n intense warboel. Bevel en beheer verkrummel. Niemand weet waar die ander is nie. Die mediese span onder Dr Heymann doen hulle taak en jaag in 'n uiters vloeibare slagveld sonder om ag te slaan op of om vir bevele te wag. Hulle soek gewondes en red wat hulle kon. Nie

net inlaai nie, maar stabiliseer sover moontlik op die grond, want eers in die Ratel is daar mos nie spasie nie, terwyl koeëls teen die Ratelwande vasklap. So tussen dit alles deur, terwyl die vyand aan die verbyhardloop is en vuur, gaan Dr Heymann voort om te las en te lap, langs die Ratel – en koeëls skram sreeuend weg rondom hom soos hulle teen die Ratel ricochet. So af en toe dan draai hy om en met sy bebloede index vinger wys hy na die vyand en sê: "Bang, bang, bang." Sy crew sê "Dok hier is jou geweer, jy moet skiet' En sy antwoord was – "Ek is 'n dokter – ek red lewens – ek maak nie dood nie".

En dan natuurlik Dr G Scharf tydens Op Modular. Dr George Scharf recalls: "I was part of the surgical team during Ops Modular. We were probably the first surgical team ever to deploy ahead of the BAA (Brigade Administrative Area) and axes of advance! One day we performed a tactical retreat. We were just into a temporary laager when a bomb from a lone MiG exploded about 800 meters west of us. That was when you (Maj Lotter) joined us as rear-guard. The doctors broke radio silence by asking where one another were. The one guy said: "We are about 800 meters directly east of where that bomb just exploded." We immediately buggered off and the MiG's came to bomb our previous position. We told that doctor off something seriously. He was nearly assaulted when he then naively remarked that "they don't understand Afrikaans", and I had to remind him that any East German (pilot) would understand '800 meters east', etc."

HERINNERINGE VAN DR ANDREW LOUBSER 1979/1980

Daar was op daardie stadium geen voorbeeld van 'n ambulans wat kon byhou by die Ratel 20 met heg en steg nie. Die bevelvoerder se besluit om 'n Ratel te gebruik was logisties gesond. Ek het die sitplekke uit gehaal, 'n 50 man pannier teen die enjin kompartement monteer en 'n draagbaar teen elke sy gemonteer. So kon ek dus in die middel sit en na beide kante werk. Al die O negatiewe bloedgroepe was aangeteken (myne inkluis). Ek kon heelwat bloed oortappings doen indien dit nodig sou wees.

Die gereelde onderhoud is afgehandel op die skietbaan op 500 meter met die 20 mm kanon en 'n wheelie met al ses wiele in die lug op n sagte sandpad. Ek moes net oppas vir duime in die pad sou die stuurwiel uit jou hande ruk. Ons het twee sulke gevalle gehad. Ons het 'n paar gesonde B52? en B56 radios gemonteer en kon koms kry en monitor met die lug, lognet, opsnet, veggroepnette asook pelotons en seksies. Mobiel en in kontak. Mobilitate Vincere!

Alkohol het my ook een aand uit die bed gejaag met 'n radio boodskap van Tsintsabis dat 'n troep in 'n koma was. Ek spring in die unimog ambulans en met die oorfone op begin ek met die medic praat terwyl ek op pad was (B25 manpacks). Die ops medic (wie toeval-



lig uitstekend was) vertel dat die troep van twee weke patrollie gekom het. Hy het vir 48 uur niks geëet nie weens maagwerkings, agt biere gedrink het, en toe hy in sy pisvel klim steek twee skerpioene hom. Ek versoek die ordonans om solank 'n IV lyn op te sit en 'n paar ampules suiker te spuit. So halfpad na Tsintsabis kom die medic terug en meld die ou sit regop en wil weet wat aangaan. So twintig minute later met ondersoek was hy oraait. Oormaat alkohol veroorsaak lae bloedsuiker wat mens in 'n koma kan sit veral as jy niks eet nie en nog ietwat gedehidreer is. Weereens het mobiliteit en kommunikasie gou resultate gegee.

My eerste paar maande by 61 Mech het ek saam met die ander staf offisiere in 'n huis op Tsumeb gewoon. Die ambulans was 'n wit Ford F250. By Grootfontein het ek 'n Uzzi getrek en by Omuthiya een kas 9 mm ammo. Dit het ek toe onder my bed gesit. Later vertel Adri Schoeman my dis helfte van die operasionele gebied se 9 mm ammo. Waarheid? Weet nou nog nie.

My stokperdjie was Bisley skyfskiet so het gereeld skietbaan toe gery om te oefen. Ek moes elke oggend by 'n Inligting vergadering in die Opskamer te Tsumeb insit. Die bevelvoerder her vereis dat elke offisier deeglik ingelig moet wees oor wat in die hele operasionele gebied aangaan. Ockert Swanpoel was die inligtings offisier. Ek het met die bevelvoerder se ondersteuning agt siekeboeg punte gestig - van Etosha Panne tot by die Mangeti strook bo en onder die rooilyn. Ek het omtrent 2500 km per week afgelê. Dit was uiters bevredigend om deel van so 'n opset te wees.



**

Met die reenseisoen infiltrasie van PLAN vegters Feb/Mrt 1980 was 'n burgermag kompanie Parabats by Tsumeb lughawe gehuisves vanwaar hulle ontplooi was. (Ops Carrot?)

By een so 'n geleentheid is 'n paar per chopper afgegooi in die Otavi, Grootfontein, Tsumeb driehoek om 'n OP punt te stig om bewegings waar te neem aangesien 'n groep PLAN vegters sover penetreer het,(Later sover as Kombat).

Die kompanie bevelvoerder nader my en versoek dat ons 'n lid gaan casevac wat met die uitspring sy enkel erg beseer het. Ek stuur vir Dries en Andre met die Unimog ambulans, met ruitverwysing, om die lid by 'n dam te ontmoet. Met laaste lig keer hulle terug na die lughawe

en vertel my hulle het verdwaal. Die kaptein was nou behoorlik omgekrap en ek gryp Dries, want hy moes gunner wees, en in my ses silinder petrol landrover, oop met net 'n kappie op, met 'n stewige bullbar voorop, vat ek die pad na die dam. Ons het by die perimeter die ontplooide magte verwittig dat ons die omsingelde gebied gaan betree om die lid te casevac.

Dit was nou reeds donker op pad na die dam en ek sê vir Dries ons stop nie - en ek ry so 'n paar hekke plat. By die dam gooi ek 'n S en ons slaan dekking onder die landrover. Niemand nader ons nie en per radio vra ons die OP punt waar die lid hom bevind. Ons het 'n paar keer hard geskree, maar na twintig minute opgegee en terug in die landrover met 'n ander pad uit die gebied gery. Raai, ek het weer nie by hekke gestop nie. Ek hoor nog in my verbeelding hoe die boer moereloos moes geskel het.

By die lughawe aangekom vind ons dat die lid pad toe gestap het en deur die polisie opgetel was en terugbesorg was. Met ondersoek moes ek vind dat die meneer se enkel niks makeer nie.

Ek is oortuig die bevelvoerder het nooit geweet dat ons soveel hekke platgery het nie. Daar's altyd hekke in ons lewens wat besinning vra oor hoe ons daardeur moet beweeg.

Bly mobiel. Mobilitate Vincere.



Een van daardie toevallighede wat my oudste seun sinchronisme noem het afgespeel in die vooraf inoefening vir Sceptic. Die bevelvoerder rig my om 'n gewonde manskap op te spoor met ruitverwysing en radio kontak met sy peloton bev terwyl die geveg warm loop.

Met Ratel 9J se neus na die vuur kom ek tot langs die gewonde te staan. Maak die deure oop en tel die manskap in met sy masjiengeweer en al. Daarna sommer reguit agtertoe terwyl ons werk aan die man. Ek bevel aan dat hy ge-casevac moet word. Met die lognet kon ek 'n chopper inkry.



Hierdie toneel het hom net so afgespeel gedurende Smokeshell terwyl ons beweeg het om logistiese opslagplekke op te spoor. Ratel 9J ry vierde van voor met Okert net voor my en Adri heel voor in 'n Ratel 90. Sy kanon was agtertoe gedraai want hy bundubash.

Skielik skree hy kontak voor en ek hoor flou skote klap. Dan merk ek 'n groep PLAN vegters op my linkerflank, rig die gunner en laat hom lostrek met die Browning. My 20 mm kanon was geskenk aan 'n frontlyn Ratel as vervanging. Iemand skree oor die radio "wie skiet?" en ek laat weet "9J skiet" en gee 'n sitrap.

Skielik uit die gras kom 'n vegter aangehardloop met hande in die lug. Okert en ek skree "moenie skiet nie" en die ou spring by Okert in sy Ratel. (Okert kyk hom so en gee hom 'n magasyn om te laai. Toe hy sien die ou kan, gee hy hom 'n R1 en rig hom deur 'n skietgat om terug te skiet.

Hierna ontplooi die een vegspan bevelvoerder 'n peloton tussen my en die groep vegters en beweeg die troepe te voet met Zulu voertuie agter hulle vorentoe bo-oor die vegters. Ek monitor die peloton frekwensie en hoor een troep is gewond. Dit was so vyftig tree voor my en ek kry toestemming om hom te onttrek.

Met Ratel 9J se neus na die vuur beweeg ons in en stop langs die gewonde en maak die deure oop. Wie sal ons optel? Dieselfde troep met sy masjiengeweer wie ons in die inoefening afgevoer het. Hy was deur sy boude geskiet en baie verskonend omdat hy inkontinent was vanwee die wond. Net soos in die inoefening was dit reguit agtertoe tot in 'n oop ruimte en rook uit vir die chopper wat reeds op pad was.

Twintig minute later rapporteer die vlieënier dat hulle by Ondangwa geland het en die outjie reeds in die teater was. Magtag! ek kry nog goosebumps as ek terugdink aan die spoed waarmee dit gebeur het.


Sinchronisme? of soos ek graag glo gladde koördinasie tussen eenhede weens goeie beplanningen voorbereiding deur die bevelvoerder.



DON'T FORGET!!!

61 Mech Veterane Vereniging / Veterans Association JAARLIKSE GEDENKDIENS / YEARLY MEMORIAL SERVICE 17 Augustus / August 2024

Ditsong Nasionale Museum vir Militêre Geskiedenis / Ditsong National Museum for Military History Saxonwold, Johannesburg



WEES VOORBEREID

Roland de Vries

Hierdie is die mening van die outeur en is nie noodwendig die siening van die 61 MVV nie.

"... terwyl ons 'n onsekere toekoms betree, is dit beter om 'n algemene en onvolledige beplannings-raamwerk te hê, onderhewig aan hersiening en regstelling, as om glad nie 'n plan te hê nie." - Alvin Toffler, 1991

Ons land se goeie mense bloei nou al vir meer as dertig jaar – dit is as gevolg van oorweldigende misdaad-terreur, die ANC regering se onvermoë om effektief te regeer, en sy kroniese korrupsie en politieke vergrype wat daagliks gebeur!

Die 29 Mei 2024 nasionale verkiesing in Suid-Afrika lê vir ons voor en in die aanloop daarheen en met die nasleep van die bepaalde dag kan daar baie dinge gebeur; hetsy positief of negatief!

Dinge broei in ons land, dit is daagliks sigbaar – wees gereed vir 'n skeefloop scenario – een wat KwaZulu-Natal se vurige opstand van Julie-Augustus 2021 soos 'n vulletjie kan laat lyk. Een wat met meedoënloosheid en geweldadigheid na elke hoek en draai van ons mooi land kan versprei, indien dinge sou skeefloop.



Dinge Broei in ons Land – Wees Gereed vir 'n Skeefloop Scenario

Toenemende werkloosheid, armoede en hongersnood kan die land in 'n oogwink in akute anargie dompel – as die geld opdroog, droog sosiale toelae op en dan brand die land! Daar is vele ander sneller momente wat julle self aan kan dink wat die vure kan aansteek en die ligte kan uitdoof – die falende Eskom is een!

Kom ons vertrou dat die ANC regering die jaar sal groet. Hoog tyd ... 'good riddance' in Engelse terme. Die ANC en sy vennote sal 'n nederlaag egter nie goedmoeds aanvaar nie. Kom ons vertrou dat die verkiesing se gebeure nie in 'n onstuimige meesleurende anargistiese toestand sal ontaard nie.

Anargie in 'n samelewing kan vrylik ontstaan met 'n regering soos dié van die ANC, wat nie oor die vermoë beskik om behoorlik en / of regverdig te regeer nie. Dit verwys ook na 'n samelewing of groep mense wat 'n vasgestelde hiërargie geheel en al wil omverwerp – dit word beskryf as 'n toestand van wetteloosheid en / of politieke wanorde as gevolg van die afwesigheid van regeringsgesag. Klink dit bekend vir ons?

Oë op die front ... hou die omgewing fyn dop, wees ingelig en waak daarteen om ons ore aan vals inligting en propogandastiese uitsprake uit te leen.

Dit is nou tyd om te Glo, koel en kalm te bly en om nie toe te laat dat roekelose emosioneel gefundeerde optrede en redelose uitsprake ons in die valstrik van die opponent laat beland nie – ons weet wie en wat ons teenstaander is! Hulle weet hoe om ons uit te lok! Ons ken die gemene spel waarmee hulle elke dag besig is. Gelukkig werk die meeste van ons wetsgehoorsame-en-vredeliewende burgers vir veiligheid, vrede en voorspoed en hou ons onwrikbaar aan ons Geloof vas!

Beset die psigiese, fisiese, morele en Geestelike hoë grond en sorg dat ons suksesvol uit elke krisis situasie tree.

Ek doen 'n beroep uit my hart uit aan al ons wetsgehoorsame-en-vredeliewende gemeenskappe en hulle gemeenskapsleiers: Sorg asseblief dat ons planne en gebeurlikheidsplanne vir die beveiliging van ons mense oral in die land betyds in plek is en dat ons die gevaartekens vir proaktiewe optrede fyn sal dophou!

As jy vrede en veiligheid nastreef, berei voor vir die ergste!

Ons staan vir die veiligheid van ons mense, terwyl daar naarstiglik na staatkundige, sosiaal-maatskaplike en ekonomiese oplossings uit alle oorde en hoeke gesoek word – kom ons beveilig intussen ons mense daar waar hulle is!

Ernstige kommer word elke dag deur weerlose gemeenskappe in Suid-Afrika uitgespreek oor die eskalerende misdaad situasie en politieke vergrype, wat ons land meedoënloos teister! Dit sluit aanvalle teen ons families, alle vorme van geweldsmisdaad, algemene misdaad, veediefstal, onwettige drank en dwelm handel, toenemende politieke onrus en onwettige padafsluitings, onwettige grondbetreding en besetting, en dreigende grondonteiening sonder vergoeding in. Almal is dit eens dat die situasie daagliks versleg en dat die regering nie vir die veiligheid van sy wetsgehoorsame burgers omgee nie.

Dit het tyd geword dat gemeenskappe moet opstaan, saamstaan en saamwerk om ons moeilike omstandighede te oorkom. Hiervoor is 'n omvattende strategie en gepaardgaande veiligheids-beplanning vir gemeenskappe nodig. Dit wil sê, om die talle uitdagings te trotseer en om ons self effektief teen misdaad-terreur te beskerm.

Gemeenskapsveiligheid het ten doel om gemeenskappe te bemagtig ter selfbeskerming en om hoop, vertroue en geloof in ons Hemelse Vader na te streef. Dit impliseer ook moed en deursettingsvermoë, om eie potensiaal te ontwikkel ten einde ons mense te help beskerm en misdaad-terreur doeltreffend te bekamp.

Die aard en omvang van ons uitdagings in Suid-Afrika kan soos volg opgesom word:



Credit: Anadolu Ajansi

- Gemeenskappe is getraumatiseer, angstig, kwesbaar, moedeloos, radeloos en verdeeld.
- Daar is 'n baie hoë voorkoms van misdaad en geweld, asook moeilike ekonomiese en maatskaplike omstandighede.
- Daar is nie genoegsame samewerking en vertroue tussen gemeenskappe, plaaslike regerings en ander rolspelers soos die polisie nie.
- Die regering en ander staatsorgane (soos die polisie) bied nie vir ons mense voldoende beskerming teen misdaad nie.
- Daar bestaan nie voldoende en toepaslike misdaadinligting, om misdaad-terreur effektief te beveg nie.

Bogenoemde uitdagings noodsaak gemeenskappe om dringend organisatoriese vermoëns daar te stel, om hulself doeltreffend teen misdaad-terreur en politieke vergrype te beveilig.

Om bogenoemde te verwesenlik, is dit nodig om ons mense teen die bedreiging te mobiliseer en om nasionale én internasionale steun vir gemeenskapsveiligheid te verwerf.

Bogenoemde sluit die vermoë in om ons mense toe te rus met die nodige kennis, vaardighede en gesindhede, om gemeenskap beveiliging suksesvol te doen. Hierdie grootse poging neem in ag dat die meeste van die werk deur vrywilligers uitgevoer sal moet word en dat hulpbronne beperk is. Vindingrykheid sal aan die orde van die dag wees. Die doel hiermee is om die veiligheid, vrede, voorspoed en selfbehoud van weerlose mense in Suid-Afrika te verseker.

Daarmee saam integreer dié beoogde beplanning verskillende gemeenskappe, relevante belangegroepe en veiligheid strukture. Sodoende kan meer druk op die regering geplaas word, om meer doelgerig teen misdaad op te tree. Eenheid van poging en samewerking tussen gemeenskappe dien as onderliggende beginsels, om die strewe na veiligheid te verwesenlik!

Die oogmerke van die strategie behels onder meer die volgende:

- Om 'n geïntegreerde operasionele vermoë vir gemeenskappe daar te stel, wat doeltreffend tot die veiligheid van ons mense en die bekamping van misdaad-terreur in Suid-Afrika sal bydra.
- Om 'n gemeenskapsveiligheidstelsel vir gemeenskappe in ooreenstemming met die Suid-Afrikaanse Grondwet en gemeenskap polisiëring wetgewing daar te stel.
- Om nasionale bewustheid teen misdaad-terreur te skep en groter positiewe gemeenskaps-betrokkenheid te verkry. Laasgenoemde moet daadwerklik tot die staat en al sy staatsdepartemente se stryd teen misdaad, armoede en werkloosheid bydra.
- Om nasionale en internasionale steun te werf vir: Die meer doeltreffende bekamping van misdaad-terreur in Suid-Afrika deur private instansies; en om die regering tot beter landsbestuur en die bekamping van misdaad-terreur aan te spoor.

Dit maak nie saak hoe klein die groeperinge van ons onderskeie gemeenskappe is wat teen misdaad-terreur en die regering se onvermoë veg nie! As ons saamstaan en doelgerig optree, kan ons wen.



Photo by Gallo Images/Darren Stewart

Ons hardloop nie weg nie ... Die strategie teen misdaad-terreur maak voorsiening vir die stelselmatige en doelgerigte vestiging van gemeenskapsveiligheid-steunkringe en veiligheids-eenhede. Dit word beoog, oral waar daar misdaad brandpunte is en waar groei-areas geïdentifiseer is. Die veiligheidskonsep moet soos 'n spinnerak landswyd ontplooi, soos oliekolle wat spoedig verder gaan versprei. John J. McCuen beskryf die benadering in sy bekende boek The Art of Counter-Revolutionary Warfare. Laasgenoemde word inderwaarheid as 'n belangrike beginsel in die stryd teen misdaad-terreur voorgehou.

In die verband word daar uitgereik na alle belangstellende gemeenskappe, persone en belangegroepe om saam te werk. Dit word beklemtoon dat alles wat die gemeenskap ter selfbeskerming aanpak, professioneel korrek en wettig moet wees. Hier is ook geen sprake van bedreiging van inkomste van persone en organisasies wat reeds in die sekerheidswêreld opereer en hulle inkomste daaruit verdien nie. Dit gaan hier oor hande vat om almal se kennis en vermoëns uit te brei en te versterk.


Optredes teen misdaad is nie bedoel vir geweld of konflik nie. Dit is bloot vir paraatheid en die bereidwilligheid om die self, die omgewing en die gemeenskap te beskerm teen 'n gemeenskaplike vyand. In die geval is die vyand:- onbeheerste misdaad en die primêre bedreiging misdaad-terreur asook onwettige politieke vergrype. Waar proaktiewe aksies van die gemeenskap se kant af ter sprake is, word daar grootliks na die benutting van effektiewe inligting, tydige paraatheid en doelgerigte optrede verwys.

Wat maak goeie mense as oorlewing ter sprake is? Hulle staan saam en beveilig hulself en hulle gemeenskappe teen die euwels van ons tyd! As ons nie seker is oor hoe nie is dit nou tyd dat ons uitvind. Dit het tyd geword dat alle goeie mense saamstaan en vir die regering wys genoeg is genoeg!

Eenheid van poging, wettige optrede, integrasie van vermoëns en samewerking met alle belangstellendes is wagwoorde, wat die gesamentlike stryd teen misdaad-terreur onderskraag. Dit is gebiedend noodsaaklik dat gemeenskappe in Geloof proaktief moet saam werk!

Voorkoming is beter as genesing!

Mag die Liewe Vader ons mooi land en sy mense seën en in sy sorg neem!



61 MVV Aanlyn Winkel











Contact Kevin West kevinwest@mweb.co.za

ABRIDGED ARTICLE. (SOURCE: NEWS24).

THE SOUTH AFRICAN NATIONAL DEFENCE FORCE AT 30: BALANCING POLITICAL ASPIRATIONS WITH BUDGETARY REALITIES.

By Prof Theo Neethling, Department of Political Studies and Governance of the University of the Free State.

This is the opinion of the author and does not necessarily reflect the views of 61MVA.

61 Mech Bn Gp was part of both the SADF and SANDF. Even today there are 61 Mech members that are serving in the SANDF either as permanent force or in the citizen force.

As the South African National Defence Force (SANDF) nears its 30th anniversary in April 2024, it is important to assess the challenges impacting its operational effectiveness over the past 30 years.

Here, I highlight five key considerations:

Since the end of Mandela's presidency in 1994, the South African National Defence Force (SANDF) has been involved in various peace and security operations across Africa, such as in Lesotho, the DRC, Burundi, Sudan, and Mozambique. This increased engagement reflects South Africa's foreign policy values but has also stretched the SANDF's resources and abilities.

The South African government aimed to promote human rights and peace in Africa, but still prioritized safeguarding sovereignty and territorial integrity. This led to the procurement of high-tech equipment for the South African Defence Force. The SANDF was designed to be a high-technology core force that could expand to meet threats. However, relying on conventional defense capabilities for peacekeeping has been problematic. Since 1998, the SANDF has been heavily involved in peacekeeping operations, beco-

ming a key part of South Africa's foreign policy.

The South African National Defence Force (SANDF) has been facing budgetary constraints, with defence spending consistently below 1.2% of the GDP since 2000. Recent data shows a decline in spending, making the SANDF underfunded by 24% in terms of its size and shape. The trend of lower defence spending continues, with a significant decrease in spending in 2022/23 compared to previous years. The country's struggling economy and low growth have led to the government needing to reduce state expenditure.

Despite acquiring high-tech equipment since the late 1990s, the South African Air Force is facing a severe operational effectiveness crisis. The Minister of Defence revealed that 85% of the aircraft fleet is out of action, leaving the country vulnerable to security threats. Only a small number of fighter and training aircraft are available for service, with more than half of the fleet inoperable. Some analysts are suggesting downsizing the Air Force due to funding issues.

The South African Navy is facing challenges similar to the South African Air Force. In 2013, three of the Navy's frigates were broken or dysfunctional, with a fourth being used for parts.

The frigates need urgent repairs and weapon system replacements. The submarines acquired in the arms deal also lack sufficient spare parts, with one already cannibalized. Regular maintenance is crucial for submarines, but at times none of them are operational.

Since 1994, the focus of the South African National Defence Force (SANDF), particularly the SA Army, has shifted toward peace and security operations. The SANDF is actively involved in UN peacekeeping operations in the eastern DRC and is the fifth largest troop-contributing nation. It also leads operations against rebel forces in the eastern DRC and extremist insurgents in northern Mozambique. However, there are concerns about soldiers not receiving adequate logistical support and poor coordination with the Department of International Relations and Cooperation

The South African National Defence Force (SANDF) is increasingly focusing on border protection and supporting the South African Police Service (SAPS) in internal operations. However, the SANDF is often used temporarily or as a substitute for the SAPS in domestic security situations. This trend is influenced by the SAPS's decreasing capacity and a shift towards using the military for domestic security roles.

Over the last three decades, the South African National Defence Force (SANDF) has faced a disconnect between political expectations and its actual capabilities and resources. While traditional defense remains important, the SANDF must also be prepared for peacekeeping missions and supporting the police in a crime-ridden society. Despite limited funding, the SANDF is stretched thin and in a state of decline.





Don't Forget

The 44th anniversary Smokeshell reunion will be held in Bloemfontein on the weekend 7-9 June. The intention is to limit the various events to Smokeshell veterans, their families and invited guests that had an involvement in our training, families of our brothers killed and friends that have a special interest in our battle.

The Western Cape contingent will be hosting a get together on Saturday 8 June from 11:00 at Blaauwberg Cuca MOTH Shellhole, Killarney Raceway. Cash bar and Kitchen will be open for burgers, etc.

Dippies has confirmed that he will be attending the Bloemfontein weekend and pricing for accommodation at Reynecke Park as well as a program for the weekend will be supplied in due course,

IN MEMORIUM



'n Groot boom in die Veterane wêreld het geval!

Dit is met groot hartseer dat ons u moet meedeel dat ons vriend en Mede-Veteraan, Demetri Friend vanoggend 2 April 2024 om 05:00 oorlede is. Demetri het diep spore in baie van ons lewens getrap. Hy was 'n aktiewe lid van die 61 Mech Veterane Vereniging en was altyd beskikbaar om op enige plek te help. Net so was hy by vele ander organisasies ook betrokke. Die naam Demetri Friend was ook sinoniem met die soek van Veterane se medaljes wat nooit deur hulle ontvang is nie. Mag hy in vrede rus!

Our thoughts and prayers also go out to his beloved wife Nikki and their children.

Nikki has asked us to assist with organising a fitting Memorial Service for Demetri. Anybody that can assist in any way can contact us at admin@61mech.org.za. From here we will forward everything to Nikki.

We are also driving a campaign whereby we ask our fellow Veterans and other Veteran Organisations to assist financially to cover all of the costs. We ask that the donations be made into the following account.

Banking Information

Account Name: 61 Mech Battalion Group Veterans Association

Bank Name: Standard Band SA, Universal Branch Code: 006305 Account Number: 00 329 366 1 Reference: Demetri Friend

Send proof of payment and personal information to: admin@61mech.org.za



Did you know?

Tony Savides



Originally designed by 1 RNT as a bar for the leader group, but once heraldically approved it was issued to all members of the unit. It was later, with the consent of 1 RNT, used by all mech inf units who wished to do so. Members of the Ratel evaluation team wore it unofficially for a while before general approval.

There are several "knock-offs" doing the rounds as the originals are quite scarce.

Dewald Venter besoek die Pantser Museum Tempe



Instituting a Museum and Research Library for the South African Armoured Corps (SAAC) started as early as 1994 and was officially approved by the Chief of the SA Army on 12 October 1995. Approval for the use of the historical buildings located at the School of Armour, Tempe was granted in April of 1995. The main museum building is home to various static displays of South Africa's armoured warfare history. Several fundraising projects were launched for restoration purposes, manufacturing of showcases and other items. Contributors included private businesses and arms manufacturers. Members of the Armoured Corps donated different items to the museum for display. With assistance from personnel from the School of Armour, the museum was opened by the Chief of the Army on 13 September 1996 which also coincided with the 50th anniversary celebration of the South African Armoured Corps. The museum has grown steadily as its collection of armoured tracked, wheeled and other vehicles increased.





61 Mech Jaarlikse Ledegeld

Die afgelope paar jaar (Na Covid) word die druk al hoe groter op individuele finansies asook dié van besighede. ondervind almal uiters moeilike finansiële omstandighede.

Hierdie moeilike finansiële klimaat het ook 'n groot invloed op ons kontantvloei in die Vereniging en dit noop ons om baie omsigtig met ons beskikbare fondse om te gaan. Een van ons inkomstebronne is ons ledegelde wat jaarliks betaalbaar is. Ons vra u vriendelik om hiervoor te begroot. Die geld kan ook in paaiemente betaal word.

Ons ledegelde is tans: R300-00 per jaar R2,000-00 vir 10 jaar R5,000-00 vir lewenslank

Betalings kan gemaak word in ons 61 Mech rekening en wel by:

Rekening naam: 61 Mech Battalion Group Veterans Association

Bank: Standard Band SA,

Universele Kode: 006305
Rekeningnommer: 00 329 366 1
Verwysing: Ledegeld + naam

Stuur dan asseblief u bewys van betaling na: admin@61mech.org.za

